# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 15 Oktober 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Piet Venter**

Die bekendmaking van die misdaadstatistiek in Suid-Afrika en die verskriklike oorlogsgeweld tussen Hamas en Israel het 'n mens die afgelope tyd weer diep onder die indruk gebring van die verskrikking van geweld in ons samelewing.

Tussen 70 - 80 mense word daagliks in Suid-Afrika vermoor! Die beelde van aanvalle op onskuldige mense en bomme wat geboue platvee, ruk 'n mens tot stilstand. En tog raak ons so gou gewoond daaraan. Die oorlog tussen Rusland en Oekraïne is reeds ou nuus en mense lees dit so in die verbygaan. Dink hieroor: het die gedagte nie ook hierdie week by jou opgekom dat jy hoop Israel leer Hamas nou vir eens en altyd 'n les nie? Mag ek so dink?

Gelowiges mag nooit ongeërg raak oor of gemaklik raak met geweld en die verlies aan menselewens nie! Geweld is Satan se wapen om God se orde en vrede te vernietig! Ons mag nooit geweld goedpraat of verdedig nie! Die Sesde gebod sê duidelik: Jy mag nie doodslaan nie! Die Here alleen kan lewe skep en ons moet elke mense se lewe as kosbaar ag en koester. Dit is my en jou taak om as vredemakers vrede na te jaag!

**Tema: Te midde van hierdie wêreld vol geweld moet ons te alle tye vrede en liefde najaag.**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Lied 486: 1, 2, 4; Sb. 18 – 7: 1, 11, 12;

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps. 133 - 1: 1; Votum; Seën; Loflied Ps. 46 - 1: 1, 2; Geloofsbelydenis: 12 Artikels; Gemeente sing ter bevestiging Amen Sb. 13 – 2;

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: Fokus op die Sesde gebod; HK Sondag 40; Sing Sb. 1 - 3: 1,3 ( Melodie: Aurelia - O Christus ons verlange); Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Romeine 12: 14 – 13: 5 en
Deuteronomium 20;
Sing Ps. 147 - 1: 4, 5 (Tweede mel) (Kleuterbediening); Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Bevestiging van ouderling; Sing Ps. 20 - 1: 2 (melodie van Sb 18 - 6) Liefdegawe; Sing Sb 11 – 3: 7, 8 (melodie van Sb 16 – 1) ; Seën; Amen Sb 13-3.

## GROEPBEDIENING

Soos gereël in groepe.

## MEELEWING

- Andries du Plessis sterk nog in die hospitaal aan na die rekonstruksie-operasie aan sy kaak en mond.
- Ursula Wijnberg sterk tuis aan na haar rugoperasie.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## Oktober 2023
### Werk gebed enigsins?

Gebed - al is dit dikwels dreinerend, selfs ‘n foltering - is dit op die lange duur die grootste, moontlike bron van krag. - *Timothy Keller*

Mense sê dikwels, “God het nie my gebed beantwoord nie.” Eintlik beantwoord God wel elke gebed wat ons bid. Soms sê Hy ‘ja’, soms sê Hy ‘nee’ en ander kere sê Hy ‘wag’. As ons gebede egter nie volgens ons behoeftes beantwoord word nie, aanvaar ons dat “Hy nie ons gebede beantwoord het nie.”

Hierdie denkpatroon is geneig om baie selfsugtig te wees, en tog, om eerlik te wees, het ons almal waarskynlik al hierdie gedagte op ‘n tydstip in ons lewens oorweeg. Ons het God gevra om hierdie goeie ding vir ons te doen (bv genesing van siekte). Toe dit nie gebeur nie, het dit ons met ‘n gebroke hart gelaat omdat ons op God vertrou het. En dit is net eenvoudig moeilik om te aanvaar.

Ons kan egter nie toelaat dat ons moedeloosheid met ons onvervulde planne, ons laat twyfel in God, die Almagtige Vader nie. Dikwels is Sy ‘nee’ antwoorde juis om ons te beskerm.

Wanneer ons nie by God die antwoord of uitkoms kry wat ons wil hê nie moet ons eerste reaksie nie wees ‘waarom het U toegelaat dat dit gebeur?’ nie; vra eerder: ‘hoe gaan U dit gebruik?’. Kom ons verander ons ‘hoekom’ na ‘hoe’. Moenie God sien as gemeen of terughoudend of sonder liefde nie, maar God wat die beste vir ons wil hê.

As God nie gee wat ons in gebed vra nie, dink ons dat gebed nie werk nie. Ons gebede moet egter ‘n deurlopende, twee-rigting gesprek met God wees en waar ons in intimiteit met Hom groei, sal ons houding teenoor gebed werk. Jak. 5: 16b: “Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking.”

1 Johannes 5:14-15 “En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets so vra, weet ook dat ons kry wat ons van Hom vra”.

Dankie, Hemelse Vader, vir U gemeente en dat ek, as gelowige, mag bid in moeilike tye, maar ook in goeie tye. Aan U al die eer!

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

## ONS VERWELKOM

Jan Schutte en Ronel Pretorius, wat met attestaat vanaf GK Schweizer Reneke by ons aansluit. Hulle woon in Doornstr. 20, groep 36.

## BAIE GELUK

Dewald Coetsee is aangekondig as Gimmies se sportman van die jaar!

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie Les 20
Tee en koffie
"Griefshare"
Groepbediening

**Maandag**
18:00 Kersmarkkomitee vergader

**Dinsdag**
06:00 Manne-Ondersteuningsgroep
Geen Katkisasie vir Gr. 8 - 10
18:00 Klassis Potchefstroom vergader

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
18:00 Gr 11 - Katkisasie

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Emeritusfonds (Klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 28 en 29.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Maandag, 16 Oktober**
Sr Veronique Geyer

**Dinsdag, 17 Oktober**
Sr Hannie Niemand
Sr Estelle v Hamburg *

**Woensdag, 18 Oktoer**
Jsr Janelle du Plessis
Sr Susan Lourens

**Donderdag, 19 Oktober**
Br Frans Kruger
Jbr Dylan v Lith

**Vrydag, 20 Oktober**
Br Giel Vermeulen *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## "GRIEFSHARE" - NUWE SIKLUS BEGIN VANDAG

Ons bediening aan lidmate wat geliefdes aan die dood afgestaan het en wat daarop gemik is om hulle te help om die verlies te verwerk, word op Sondag, 15 Okt, hervat. Dit behels 'n weeklikse videokursus (13 weke) met 'n handboek wat elke deelnemer ontvang en deurwerk. Die kursus berus op Bybelse beginsels vir rouverwerking toegepas met die hulp van pastorale beraders en gelowige sielkundiges. Kontak asb vir Mariana Plotz indien jy belangstel by 082 456 8023. **Nooi gerus ook mense van buite die gemeente wat dalk die behoefte sou uitspreek.**

**<u>DATUMS OM TE ONTHOU!</u>**




**SENIOR LIDMATE : AFSLUITING op 25 OKTOBER**

Die Susters nooi al ons senior lidmate uit na 'n heerlike afsluiting op die Aarbeiplaas, buite Potch op Woensdag, 25 Oktober om 10:00. Daar is 'n lys in die voorportaal van die Skuur om jou plek te bespreek en jou tipe verversing te kies. (Koffie/Tee hierby ingesluit)

Besprekings sluit Sondag, 22 Oktober.

**DANKBAARHEIDSFEES - 28 OKTOBER**

Die Diakonie nooi die hele gemeente nou reeds uit na 'n heerlike fees op Saterdag 28 Oktober! Ons begin 16:00 kuier om tussen 18:00 - 19:00 te eet. Die bittereinders kan daarna die Wereldbekereindstryd saam kyk! Soos vorige jare, benodig ons weer skenkings. Skakel Riaan vd Walt (082 784 9215) as jy hiermee kan help.
Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal om jou plek te bespreek!

<u>'n Dankbaarheidsgebaar by die Dankbaarheidsfees:</u> o*ns sal 'n donasiehouer beskikbaar hê vir 'n donasie wat jy kan saambring. Hierdie donasies sal aangewend word vir Kansa om ons Kansa-projek te ondersteun wat Sondag 29 Oktober afsluit!*

**HERVORMINGSDAG:**
**SONDAG, 29 OKTOBER**

Die jaarlikse herdenking van die Hervorming in die 16 de eeu, gaan vanjaar 'n vol program hê. **Na ons eie oggenddiens stap ons as gemeente oor na die NG Kerk Grimbeeckpark** om daar saam met hulle 'n muntlegging vir Bybelverspreiding te hou en as gelowiges saam te kuier.

**HERVORMINGSFEES**

Vir die middag nooi GK Potchefstroom ons uit na 'n fees van Psalmsang met instrumentale begeleiding.




**GESAMENTLIKE HERVORMINGSDIENS**

Die aand om 18:00 nooi GK Cachet ons uit na die jaarlikse gesamentlike Hervormingsdiens in die kerkgebou van GK Potchefstroom Die Bult. Ds H Verryn van GK Potchefstroom-Suid sal die erediens lei.

**KERSBEDERF- HIER KAN JY OOK IETS DOEN VIR IEMAND ANDERS**

Ons gemeente se Susters gee jaarliks vir ongeveer 25 gesinne in ons gemeente 'n "Bederf-emmer" / "Bederf-boks" voor Kersfees om 'n lekker Kersete mee voor te berei.

Ons wil graag 'n beroep op kleingroepe en indiwiduele huisgesinne doen om saam te span en items vir so 'n boks/emmer te skenk

om sodoende die las bietjie ligter te maak. Vir een so 'n boks/emmer benodig ons die volgende nie-bederfbare items:

- Pasta
- Mayonaise
- Ingemaakte slaaie
- Jellie en Vla
- Aanmaak-koeldrank
- Koekies of ander lekkernye
- Kitspoeding / kitskoek

Ander items wat 'n Kersfees-ete vir 'n gesin spesiaal sal maak is ook natuurlik welkom - hierdie is maar net 'n riglyn.

Baie dankie dat ons u kan vra om dit met groepbediening / huisbesoeke aan julle groep voor te lê. Laat weet gerus vir Hestie (072 383 9510) of tannie Anna (082 765 9813) indien julle kleingroep / huisgesin hieraan sal deelneem.

**GEMEENTEKAMP**




**ALMANAK 2024:**
**GKSA DAGSTUKKIES EN INFO**

Skryf jou naam op die Bestellys vir die Almanak 2024 in die voorportaal van die Skuur. R125 elk.

**DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Groep 4, Marijke Faught en groep 12, Anelle Venter en groep 29, asook Marie du Plessis en groep 30.

## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## BLIKKIES-WARMHARTE


Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!


## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra, kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing “KANSA”, sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal.

Die projek sluit op 29 Oktober af. Ons sal graag almal se bydraes dan ingesamel wil hê.

## SUSTERSAFSLUITING – 24 Oktober





# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |